



SKOOLUNIFORM VIR GRAAD 1-7

1. Skooluniform (meisies)

Somer:

- Donkergroen skoolrok met skoolwapen op linkerbors
- Wit kortmou, oopnekhemp
- Donkergroen oortrektrui (V-nek met skoolwapen op linkerbors)
- Donkergroen trui (V-nek met skoolwapen op linkerbors)
- Wit sokkies (enkelhoogte en omgevou)
- Swart skoene.

Winter:

- Donkergroen skoolrok OF grys langbroek (dogter-styl) met 'n ritssluiters aan die kant
- Wit kortmou of langmou oopnekhemp - geen skooldas
- Donkergroen trui (V-nek met skoolwapen op linkerbors)
- Donkergroen oortrektrui (V-nek met skoolwapen op linkerbors)
- Voorgeskrewe groen wintersbaadjie met skoolwapen op linkerbors
- Swart broekiekouse of lang, grys sokkies
- Swart skoene

2. Sportdrag (meisies):

- Atletiek: Groen / geel atletiekbreek en frokkie
- Hokkie: Groen rompie met "hot pants" en groen / geel hempie met 'n ritssluiters, groen / geel kouse
- Netbal: Groen rompie met "hot pants" en groen / geel hempie met 'n ritssluiters, wit sokkies
- Balspele: Groen rompie met "hot pants" en groen / geel hempie met 'n ritssluiters, wit sokkies
- Swem: Amptelike skool swembreek en swart swempet (groen rompie met "hot pants" en groen / geel hempie met 'n ritssluiters).
- Tennis: Groen rompie met "hot pants" en groen / geel hempie met 'n ritssluiters, wit sokkies

- LO: Groen rompie met "hot pants" en groen / geel hempie met 'n ritssluiters, wit sokkies
- Landloop: Groen / geel atletiekbroek en frokkie

Alle sport

- Amptelike skoolsweetpak
- Gholfhempies en 'n "skort" is nie meer deel van die sport- en LO-drag nie.
- Tekkies moet oorwegend wit wees met minimum ander kleure.
- Sokkies moet enkelhoogte wees en moet omvou; geen "secret socks" nie
- Donkergroen skoolbroekie moet by skool- of sportklere gedra word.

3. Skooluniform (Seuns)

Somer:

- Wit kortmou oopnekhempe met wapen
- Gryse kortbroek
- Donkergroen trui (V-nek met skoolwapen op linkerbors)
- Donkergroen oortrektrui (V-nek met skoolwapen op linkerbors)
- Lang gryse sokkies
- Swart skoene
- Slegs Graad Sewe seuns mag in die somer langbroeke dra.

Winter:

- Wit kortmou of langmou oopnekhempe (met skoolwapen)
- Gryse kort- of langbroek
- Donkergroen trui (V-nek met skoolwapen op linkerbors)
- Donkergroen oortrektrui (V-nek met skoolwapen op linkerbors)
- Voorgeskrewe groen wintersbaadjie met skoolwapen op linkerbors
- Lang gryse sokkies
- Swart skoene

4. Sportdrag (Seuns)

- Atletiek: Groen atletiekbroek en frokkie
- Hokkie: Groen kortbroek, gholfhempe en groen / geel sokkies
- Tennis: Groen kortbroek, gholfhempe en wit sokkies
- Balspele: Groen kortbroek, gholfhempe en wit sokkies

- Rugby: Swart kortbroek en rugbytrui
- Mini-krieket: Groen kortbroek, gholfhemp en groen sokkies
- Krieket: Groen kortbroek, gholfhemp en groen sokkies
- Swem: Amptelike skoolswembroek en swart swempet (groen swemkortbroek opsioneel)
- LO: Groen kortbroek, gholfhemp en wit sokkies
- Landloop: Groen atletiekbroek en frokkie

Alle sport

- Amptelike sweetpak
- Tekkies moet oorwegend wit wees met minimum ander kleure.

Baie belangrike inligting:

- Sport- en skooluniform mag nie gemeng word nie. Met ander woorde, sweetpakbaadjies mag nie by skooluniform gedra word nie en trui nie by sportdrag nie.
- Die moulose trui mag nie saam met sportklere gedra word nie; slegs met krieketklere.
- Geen sportsokkies met handelsname, soos Adidas, Nike, ens. Slegs wit sokkies wat enkelhoogte is.
- Sokkies moet enkelhoogte wees en moet omvou. Geen "secret socks" nie.
- Slegs Kenridge skooltasse is toelaatbaar.
- Fleece baadjies en die "ou" reënbaadjies is nie meer deel van die skooldrag nie.

5. Hare

Dogters:

- Hare moet skoon, natuurlik en netjies in styl wees om by die skooluniform te pas. Dit is onderhewig aan die aanvaarbare norme, soos deur die skool gestel.
- Kuiwe mag nie in die oë hang nie. Indien die kuif oor die wenkbroue hang, moet dit geknip of met knippies vasgemaak word. (Opvoeders sal hul professionele opinie in hierdie verband gebruik.)
- Hare wat aan die kraag raak, moet vasgebind word.
- Lang hare moet netjies vasgemaak word. Slegs een of twee boksterte.
- Lang hare mag nie met 'n groot knip opgebind of vasgesteek word nie.
- Hare mag nie gekleur word nie - matige gebruik van gel / haarsproei word toegelaat.

- Slegs swart, wit en groen linte, rekkies, haarbande of knippies word toegelaat (nie bruin nie). Haarbande mag nie breër as 4½ cm wees nie en mag nie as versiersels dien nie.

Seuns:

- Hare moet skoon, kort, netjies en die natuurlike kleur wees. Hare mag nie gekleur word nie. Die boonste gedeelte moet uitgedun word.
- Lang hare word nie toegelaat nie.
- Hare mag nie aan die ore of kraag raak nie.
- Geen lang kuiwe nie en kuiwe mag nie aan die wenkbroue raak nie.
- Matige gebruik van gel / haarsproei word toegelaat.

6. Naels

- Naels moet kort wees.
- Geen naellak op tone en vingernaels nie.

7. Juweliersware

Meisies:

- Juweliersware wat aan 'n geloof gekoppel word, mag deur 'n leerder gedra word. In so 'n geval vereis die skool 'n brief waarin ons hiervan verwittig word.
- Slegs 'n eenvoudige horlosie mag gedra word (geen "charm bracelet" tipe horlosies word toegelaat nie).
- Geen helderkleurige horlosie armbande word toegelaat nie.
- Mediese armbande word toegelaat.
- Oorbelle: slegs 'n klein ronde ringetjie / "sleeper" (1 per oorlel) of knoppie mag in die oorlel gedra word. Dit mag slegs goud of silwer wees.
- Geen hangertjies, ringe of armbande word toegelaat nie.

Seuns:

- Slegs onversierde horlosies en mediese armbande word toegelaat.
- Horlosiebande mag nie helderkleurig wees nie.

"Civvies"

- Ouers moet asseblief toesien dat hul kinders die huis met gepaste kleredrag tydens "civviesdae" verlaat.
- Dieselfde skooluniformreëls vir hare en juwele, geld vir "civviesdae".
- Baie kort rokke, broeke en rompies is ontoelaatbaar.
- Skoene is verpligtend.

LET WEL: Die uniform mag van tyd tot tyd, met die diskresie van die beheerliggaam, verander word.

Die Beheerliggaam en / of die skool behou die reg om hierdie dokument te enige tyd te verander, mits die verandering binne die omvang van die oorspronklike dokument bly.

Signed: _____

Date: _____